e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 April 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 11

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Sekularisasie bring geloof in lyding

Met Paasfees in die vooruitsig, is koerante weer geneig om ou debatte en besprekings oor die godheid van Jesus op te haal, soos die laaste paar weke weer gesien kon word.

Die sake wat weer onder die loep geneem word, is die aard van die kruisiging en opstanding van Jesus. Was Jesus regtig dood toe Hy van die kruis gehaal is, en het Hy werklik fisies uit die dood opgestaan? Hierdie bespiegeling het onvermydelik ook 'n implikasie vir mense se begrip oor die lewe ná die dood.

Soms is dit moeilik om te kan onderskei of hierdie joernalistieke dekking bloot sensasionele moedswilligheid is, en of dit net teologiese bravade is. Hoe ook al, hierdie diskussies lewer géén konstruktiewe bydrae tot die groei en inspirasie van die geloof wat die kerk oor Jesus bely nie.

In beide gevalle word Jesus se kruisiging slegs tot 'n politieke gebeurtenis gereduseer, terwyl sy opstanding uit die dood en die eerste Christene se belydenis van *Jesus is Heer* (1 Kor 12: 3) na 'n religieuse oomblik afgeskaal word.

Wanneer 'n mens Jesus en die openbaring van God deur die bril van die wêreld probeer bekyk, raak 'n mens later verstrik in 'n doolhof van sekulêre opvattings oor Jesus en 'n verdagmaking van die Christelike geloof. In die hedendaagse navorsing wat oor die historiese optrede van Jesus gedoen word, word hard probeer om Jesus van eeue oue legende- en mitevorming te bevry om by die oorspronklike Jesus uit te kom. Die probleem is dat hierdie navorsing die Christelike geloof in lyding bring.

Die eerste Christene het ook aanvanklik gesukkel om God se openbaring in Jesus te verstaan. Petrus, Filippus en Saulus (Paulus) se geloofsworstelings is sprekende uitdrukkings daarvan. Die eerste Christene het in hul worsteling oor hoe God se openbaring werk en wat om van Jesus te glo, juis op hul manier en in hul geloofstaal probeer verduidelik.

Om die vroeë kerk se geloof oor Jesus te verstaan, moet 'n mens ook hul verduidelikings van Hom verstaan. Neem 'n mens hierdie verduidelikings weg, stroop jy Jesus nie net van die vroeë kerk se belydenis oor Hom nie, maar gee ons ook vir die moderne kerk 'n *kaal* Jesus terug wat net so onverstaanbaar is as vir die Fariseërs destyds.

Sekularisasie, of die wêreldse bril waarmee sommige joernaliste en teoloë na Jesus probeer kyk, bring nie net die geloof van die kerk in lyding nie, maar maak die belydenis van die kerk oor Jesus ook arm.

Volgens ons Reformatoriese geloof vorm die Bybel die hoeksteen van Christene se geloof – 'n geloof wat in Christus Jesus veranker is. In Hom glo die hedendaagse kerk. Tot Hom word gebid. Deur Hom maak gelowiges kontak met God en ervaar ons God se goedheid. Paasfees is juis die één geleentheid waar Christene hul geloof oor Jesus in die kerk kan bely. Soos Paulus sê: *Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God* (1 Kor 1: 18).

Ds Neels van Tonder, Buffelspoort

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Martin Meyer

Beroep aanvaar

- **Ds Martin Meyer** van Standerton na Secunda
- **Ds Danie Malan** (beroepafwagtend) na Johannesburg (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Prof Yolanda Dreyer** se vader is verlede week oorlede. Hy was 80 jaar oud. Hy is op Dinsdag 12 April ter ruste gelê in Kaapstad. Meelewing word met prof Dreyer en haar geliefdes betuig.



Ds Louis Pienaar

- **Ds Louis Pienaar** is gediagnoseer met aggressiewe akute miëloïede leukemie (bekend as AML). Hy is opgeneem in die onkologie-afdeling van die Little Company of Mary waar hy vier weke lank chemoterapie sal ontvang. Ds Pienaar word tans onder sterk verdowing gehou, en kan met niemand praat nie. Voorbidding word vir hom en Linda en die res van die familie gevra.

- **Ds Arnold Viljoen**, tans predikant van gemeentes Grootfontein en Tsumeb, is soos vroeër berig vroeg in Maart in 'n frats-motorongeluk beseer. Hy maak stadig vordering en begin al met omstanders kommunikeer. Hy is egter steeds op die gevaarlys en groot dele van die dag aan 'n dialisemasjien en ventilator gekoppel. Voorbidding word steeds vir die gesin gevra.

Dr Kálmán Papp ontvang sy doktorsgraad

- **Dr Kálmán Papp** het verlede week by die Herfspromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria sy doktorsgraad (PhD in Teologie) ontvang. Hy word saam met sy gesin gelukgewens met dié groot gebeure. Intussen het dr Papp se vader, emerituspredikant ds Kálmán Papp, baie verswak – hy is nou permanent bedlêend. Mev Mieke Papp is ook verswak, maar kan darem nog rondbeweeg. Hulle is albei in 'n versorgingsoord. Dié gewaardeerde predikantspaar word aan die Kerk opgedra vir voorbidding.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 April**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 14 April: Di Hans Britz (Outjo/Otjiwarongo), Fanie Hoffman (Belfast/Waterval Boven) en James Jooste (Groeneweide)
  - Vrydag 15 April: Dr Hannes Beukes (Bethal) en ds Wessel Swart (Klerksdorp-Wilkoppies)
  - Saterdag 16 April: Ds Gerhard Stoltz (Magaliesburg)
  - Maandag 18 April: Ds Jan Kramer (Elsburg)
  - Dinsdag 19 April: Di Pierre Jacobs (preekvergunning) en Tinus Swart (Petrusburg)
  - Donderdag 21 April: Ds Edzard van Baalen (Parkrand) en dr Kobus van Biljon (emeritus)

- Aansoeke word ingewag vir die **pos van Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** (AKV) by die Sinodale Kantoor. Die suksesvolle kandidaat moet –
  - 'n geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees;

- oor ’n minimum van 10 jaar werkservaring beskik;
- bereid wees om soms uitstedig te wees, byvoorbeeld ten opsigte van seminare, kongresse en vergaderings;
- rekenaarvaardig wees, veral in Microsoft Office; en
- oor bewese bestuurs- en kommunikasievaardighede beskik.

Die hoofdoel van die pos is om, onder leiding van die Skriba en die Kommissie van die AKV, as Sekretaris van die Kommissie van die AKV op te tree met die oog op geordende vergaderings en die deurgee van besluite aan die toepaslike liggame vir uitvoering. Afgeleide doelwitte word in samewerking met die Kommissie van die AKV (Skriba) geformaliseer.

’n Mededingende salarispakket word aangebied. Diensaanvaarding is op **1 Julie 2011**. Meer inligting sal op aanvraag beskikbaar gestel word. Hierdie is ’n **kontrakaanstelling vir 5 jaar**, en die voorwaardes sal individueel onderhandel word.

Stuur asseblief ’n verkorte CV **voor of op 16 April 2011** aan mnr Piet Beukes by **piet@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909, vir aandag P Beukes.

Pieter Rossouw tydens die legitimasie-geleentheid in Maart

- **Gemeente Secunda** is verheug omdat **ds Martin Meyer**, tans predikant van Standerton, die beroep aanvaar het. Die tweede standplaas was vakant sedert die afsterwe van ds Eduard Engelbrecht in Oktober verlede jaar. Intussen het ds Hannes Wolmarans saam met die kerkraad toegesien dat die werk in die gemeente gedoen word. Die gemeente sien uit na ’n nuwe tydvak saam met sy twee predikante.

Yolandé Benadé tydens haar legitimasie

- **Prop Pieter Rossouw** is op Sondag 10 April in die **Stella-kombinasie** ontvang, as predikant georden en in sy amp bevestig. Dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die Kommissie van die AKV, het namens die Kommissie en die Kerk gelukwense uitgespreek en die akte van ordening oorhandig. Ds Rossouw is die eerste van die finalejaarstudente van 2010 wat in sy amp bevestig is.

- **Prop Yolandé Benadé** word op Sondag 17 April deur **Gemeente Westonaria** ontvang, as predikant georden en in haar amp bevestig. Ds Leon Geel, predikantslid van die Kommissie van die AKV, sal gelukwense namens die Kerk en die Kommissie oordra.

Petrus Dreyer en sy familie tydens die legitimasie

- **Prop Petrus Dreyer**, wat die beroep na **Gemeente Barberton** aanvaar het, word saam met sy vrou op Sondag 8 Mei deur die gemeente ontvang. Meer besonderhede oor die geleentheid sal later beskikbaar wees.

- **Dr Gerhard Nel**, wat die beroep na **Horison Roodepoort** aanvaar het, word op Sondag 8 Mei deur die gemeente ontvang.

- **Ds Janine Bevolo-Manders**, wat die beroep na **Witfontein** aanvaar het, word op Sondag 12 Junie deur haar nuwe gemeente ontvang en in haar amp bevestig.

- **Ds Hennie Nel** van Potgietersrus vier op Sondag 8 Mei 25 jaar in die bediening.

Ds Hennie Nel

Dr Gerhard Lindeque

- **Dr Gerhard Lindeque** vier op Sondag 15 Mei 25 jaar in die bediening. Hy is tans predikant van Gemeente Midstream, redakteur van *Die Hervormer* en voorsitter van die Kuratorium.

- **Die ring van Dorsland** het sy ringsvergadering verskuif na **17 en 18 Junie** aangesien hul datum saamgeval het met die vergadering van die Kommissie van die AKV. Die skriba van die Kommissie, dr Malan Storm, woon die ringsvergadering as verteenwoordiger van die Kommissie by.

- **Ruyterwacht** is ’n voorstad van Goodwood in die Kaapstadse munisipale gebied waar uiterste armoede heers. ’n Welsynsorganisasie genaamd Ruyterwacht Senior Sentrum reik uit na hierdie hulpbehoewendes, en gemeentes in die ring van Wes-Kaapland tree op as donateurs om die Sentrum te help funksioneer. Die **Afrikaanse Gemeente van die Evangelische Kirche van Wenen in Oostenryk** het 10 jaar gelede tot stand gekom kragtens ’n amptelike ooreenkoms tussen die Protestantse kerke in Suid-Afrika en Oostenryk. Deur die toedoen van **Gemeente Bellville** het die Afrikaanse Gemeente van Wenen bewus geword van die nood in Ruyterwacht. Ten spyte daarvan dat die Oostenrykse gemeentetjie uit bitter min lidmate bestaan, het die kerkraad (soos ook op 18 November 2010 in die *e-Hervormer* berig) die lening van een van twee huise wat Ruyterwacht Senior Sentrum onlangs gekoop het, se paaiemente vir ses maande vooruit betaal! Die Kerkraad het pas weer paaiemente vir nog 6 maande vooruit aan Ruyterwacht oorbetaal. Hierdie fondse is bekom deur ’n konsert in Wenen te reël waar bekende sangers in die operawêreld van Wenen gratis deelgeneem het. Wat die twee skenkings merkwaardig maak, is dat hierdie klein gemeentetjie in Europa die erge nood van Ruyterwacht aan die suidpunt van Afrika raakgesien het en iets daadwerklik daaromtrent doen.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) word op **7 en 8 Junie** en **8 en 9 November** aangebied. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Predikante wat die VTT in Junie wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 23 Mei** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) in kennis stel. Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word, in die volgende rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05; verwysing 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger).

  Die kursusgangers word genooi om **op 7 Junie om 18:00** ’n funksie by UP by te woon waartydens die **HTS Feesbundel** aan prof Andries van Aarde oorhandig sal word. By die geleentheid sal **Lina Spies** ’n lesing lewer oor haar *digkuns en om soeker te wees*; daarna sal daar ’n vingerete wees. Persone wat die funksie wil bywoon, moet mev Brits so gou moontlik by 012 420 5393 skakel, sodat die gastelys saamgestel kan word.

- **Gemeente Strand** se huis-/kerkorrel is na jare se diens ter ruste gelê. Die gemeente is dringend op soek na ’n ander orrel om te koop; as daar ’n skenking kan wees, sal dit waardeer word. Hulle stel veral belang in ’n werkende pyporrel. Kontak ds Jan Claassen by 084 400 5137 of **two.oceans@yahoo.com**.

- **Preekbeurte in Coligny.** Predikante word genooi om by Gemeente Coligny te preek en gratis verblyf vir die naweek te kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gesin. Die blyplek is ’n ten volle toegeruste selfsorgeenheid in ’n veilige kompleks. Kontak oudl Oelof Vorster by **jsjordaan@telkomsa.net** of 084 206 9523.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite-badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 15 tot Sondag 17 April: Gemeente Volksrust: 150ste verjaardag**
  Vrydag: Feesbasaar
  Saterdag: Boomplanting, Voorbereidingsdiens en formele ete
  Sondag: Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete
  Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900 of **buitendagp@telkomsa.net**

Gemeente Morgenzon se kerkgebou

- **Sondag 17 April: Gemeente Morgenzon**
  Viering van 75ste verjaardag na erediens
  Kontak skriba Neels Scholtz by 017 933 3067, 017 793 3068
  of **scholtzn@mweb.co.za**

- **Sondag 17 April om 09:00**
  Gemeente Noordwestelike Pretoria: Paassangdiens
  Emmaus Paassangdiens met Rina Hugo en Jammies Jamneck
  Saam met Christelike Seemansorganisasie (CSO)
  Hv Ferdinand- en Van Riebeeckstraat, Daspoort
  Deurkollekte gaan aan CSO
  Verversings in saal na die tyd
  Kontak Johanna by 012 751 5375 of 082 928 5592

- **Sondag 8 Mei om 09:30: Gemeente Delareyville**
  Dankseggingsdiens na die Genl Delareyfees van 7 Mei
  Kontak Adrie Hattingh by **nhkerk@lantic.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

Gemeente Drie Riviere se kerkgebou

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  Vrydag: Kuier rondom woonwaens en tente
  Saterdag: Basaar
  Sondag: Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**
  Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues
  R2 400 per persoon (2 etes per dag)
  Beperkte hoeveelheid plekke beskikbaar
  Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Saterdag 16 April 10:00 tot 13:00: Gemeente Theresapark**
  Country Familiedag met Pieter Cloete en die Rodeo-lyndansers
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Volwassenes R50 en kinders R20 (sluit pap, wors en sous in)

Bring eie eetgerei en drinkgoed
Kontak Mariana van Zyl by 012 542 3568 of **nhtheresapark@absamail.co.za**

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Van der Hoff (Groblersdal)**
  Die vallei het talent
  Vrydagaand uitdunne en Saterdagoggend finaal
  Kerkterrein, Voortrekkerweg, Groblersdal
  Toegang gratis – genoeg te eet en drink!
  Kontak Kobus Ehlers by 082 692 9809

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 23 April: Gemeente Namibkus**
  Hengelkompetisie in Hentiesbaai oor Paasnaweek
  Verwag meer as ’n duisend deelnemers
  N$25 000 se pryse in verskeie kategorieë
  N$5 000 vir swaarste eetbare vis, N$1 500 vir swaarste kabeljou,
  N$1 000 vir verskeie ander visspesies
  Trekking van 30 kaartjies met N$10 000 se pryse
  Eet- en drinkgoed van vroegdag af
  Hoogtepunt om 16:00 wanneer skaal sluit en wenvisse opgeveil word
  Kaartjies N$30
  Kontak ds Leon Janse van Rensburg by +264 64 20 2044 (landlyn)
  of +264 81 128 5169 (selfoon)

- **Saterdag 30 April tot Maandag 2 Mei: Gemeente Piet Retief**
  Hengelkompetisie by Heyshopedam se bootklub
  1ste prys akkommodasie vir twee nagte en ’n dag se hengel per boot op see by Richardsbaai vir twee persone
  Ander pryse ook en gelukstrekkings
  Staanplek by bootklub gratis
  R100 per volwassene en R50 vir 15-jariges en jonger vir hele naweek
  Kaartjies by **Pill Box-apteek**, **Pro Deo** en **Coffee Shoppé** op Piet Retief en Vrydagmiddag en Saterdagoggend by die oord
  Kontak Gerda by 082 334 3583, Johan by 083 630 3226
  of Flip by 083 785 5448

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort: Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Philadelphia: Resepteboek: *Philadelphia-Feestafel***
  R150 per eksemplaar
  56 bydraers se 415 uithalerresepte
  Ook afdeling oor Bybelse etes en feeste
  Bestel van Louise Geyser by 012 361 0579, 082 560 4279
  of **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, **trekking** van wenkaartjies **5 Mei**
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters
  en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom,
  Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom
  vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of Emmarentia by 015 307 4508

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Vaalharts (Hartswater): Kontreifees**
  Ook 'n marathon en bergfietswedren
  Kontak Nelia by 053 474 0200

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Maandag 2 Mei: Gemeente Potchefstroom: Basaar**
  Van 08:00 tot 14:00 op Kerkplein in Potchefstroom
  Gemeente bied vir 19de keer die **Noordwes-Motorskou** aan
  Meer as 300 veteraanmotors, ongeveer 4 000 besoekers
  Verskeie gaskunstenaars, onder andere Clive Bruce
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Vrydag 6 tot Saterdag 7 Mei: Gemeente Magaliesmoot**
  Vrydagaand vanaf 18:00: Potjiekosete
  Volwassenes en hoërskoolkinders R60, laerskoolkinders en jonger R30
  11 verskillende soorte potjies met heerlike bykosse
  Verrassing te drinke om die keel warm te maak
  Saterdag: Liedjiefeesbasaar
  Gratis gaskunstenaars
  Baie te eet en drink
  Kameelresies, skolerugby, veiling
  Tuisgemaakte boerewors – BESTE in die area
  Kontak Gerda by 012 376 4313, Hannes Botha by 072 992 1910
  of Emmerentia Botha by 083 243 6014

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 Mei: Gemeente Rustenburg: Outydse Boerefees**
  Vrydagaand: Dans saam met Boeremusiekgilde
  R100 per persoon (sluit ete in)
  Saterdag: Kyk wat in ons voorouers se tyd gedoen is
  Koffie brand, rieme brei, mielies maal, seep kook, koei melk, botter afmaak,
  swepe vleg, ens
  Tuisgebak uit bakoond
  Ry op eietydse donkiekar
  Kontak Cecile le Roux by 083 230 8981 of 084 208 7445

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld

Toegang gratis
Kompetisie R100 per kaartjie
Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Krugersdorp: Familiefees**
  Met Pieter Koen – kaartjies R45
  Verskeie kos- en kunsstalletjies
  Meer as genoeg aktiweite vir jong kinders
  Kontak Ella by 083 728 6325 of **nhkkrugersdorp@zonetech.co.za**

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 28 Mei van 08:00 tot 14:00: Gemeente Benoryn: Gemeentefees**
  70ste verjaardag
  Verskeie stalletjies
  Kontak Annette van der Merwe by 011 849 1179

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367 of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

- **Saterdag 4 Junie: Gemeente Wesmoot: Karnaval**
  By Makro Wonderboom
  Uitstallings van karre, promosies, narre, kunstenaars en springkastele
  Nasionale armdrukkompetisie links en regs (R50 inskrywingsfooi per arm)
  Wen met R20:
  1ste prys: Koedoe wat jy self kan skiet of laat skiet
  2de prys: Rooibok
  3de prys: Vleispak van R319
  Kontak Marie Swanepoel by 012 379 7898 of 012 379 1955

ANDER NUUS

- Let asseblief daarop dat daar **nie 'n uitgawe van die *e-Hervormer*** op **Donderdag 28 April** sal wees nie.

- Die **Moderamen** vergader op **Vrydag 15 April** vir sy gewone vergadering. By die geleentheid sal verskeie gesprekke met predikante en afvaardigings van gemeentes en onder meer ook met die Raad vir Apostolaat gevoer word oor besluite van die afgelope AKV. Tydens die middagete word die **21ste verjaardag van *Konteks*** herdenk. Drr Paul de Beer, die eerste redakteur, en Wian Kloppers, die huidige redakteur, en ander gaste sal teenwoordig wees. Dr Daan Van Wyk (jr) sal gelukwense namens die Kommissie van die AKV oordra.

- Die Kommissie van die AKV kom op **Maandag 18 April** in 'n **buitengewone vergadering** byeen om verder aandag te gee aan strategiese beplanning. Verskeie ander belangrike sake wat dringende aandag verdien, is ook in die agenda opgeneem.

- Die **Komitee vir Strategiese Beplanning en Herstrukturering**, onder voorsitterskap van ds Dries Beukes, vergader op **21 April** om aandag te gee aan die



Mej Rona Barnard

evaluering en moontlike herstrukturering van verskeie sleutelposte wat vanjaar vakant raak. Benewens die poste van die Sekretaris van die Kommissie van die AKV, die Sekretaris van die ADV en die Administrateur, is die pos van Hoof van die HTK en dié van Persoonlike Assistent van die Administrateur ook ter sprake. **Mej Rona Barnard** het vir haar hele werktydperk na matriek laasgenoemde pos beklee. Die pos van Hoof van die Kinderhuise wat tans tydelik deur dr Koos Engelbrecht hanteer word, sal ook bespreek word.

- Tydens 'n onlangse gradeplegtigheid van UP het die volgende studente van die Hervormde Kerk na vier jaar die **BTh-graad** verwerf: Johannes Andries Benadie; Wynand Jacobus Jansen van Nieuwenhuizen; Antoinette Janssen van Vuuren; Doret Müller; Leanie Oberholzer; Stephanus Hendrik Willers.

  Die volgende finalejaars het na ses jaar studie **MDiv** verwerf: Yolandé Benadé; Maritza Botha; Petrus Dreyer; Tiaan Loedolff; Annezel Otto; Pieter Rossouw; Liza-Mari Swanepoel; Wouter van Wyk

  MTh (Dogmatiek en Christelike Etiek) is met lof verwerf deur Dirk Labuschagne.

  PhD in Teologie is verwerf deur dr Kálmán Papp.

- Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind by UP plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April jaarliks**.

- Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van **Redakteur** van die maandblad ***Die Christelike Vrou***, om diens te aanvaar op **1 September 2011**. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

  - **Vereistes:** Lidmaat van die NH Kerk van Afrika; naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie; ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek; kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.
  - **Vaardighede:** Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaar-geletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

  Aangesien ***Die Christelike Vrou*** deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

  Hierdie is 'n deeltydse pos. Kontak die NHSV-kantoor by 012 325 0117, of stuur 'n CV **voor of op 5 Mei 2011** aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za** of faks na 086 693 7955.



Dr Neels Smit

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor **vakatures vir Maatskaplike Werkers** in Witbank, Krugersdorp en Pretoria. Hulle moet by die Raad geregistreer wees. Aansoekers moet oor 'n geldige rybewys beskik. Salarispakkette sal afhang van jare ervaring. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Dr Neels Smit**, bekende predikant van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), is op 9 April oorlede na 'n lang stryd teen kanker en 'n onlangse hartaanval. Hy was baie bekend in die Hervormde Kerk en het verskeie kere groete namens

die Gereformeerde Kerke aan ons Algemene Kerkvergaderings oorgedra. Hy sou binnekort as predikant van die Gereformeerde Kerk Noordbrug in Potchefstroom afgetree het. Dr Smit se seun, prof Johannes Smit, is tans dosent in Kerkreg aan die Teologiese Skool Potchefstroom. Ons bid dr Smit se weduwee en familie troos en genade toe.

- **Vrydag 10 Junie 09:00 tot 15:30: Dagkonferensie**
  Mission shaped church
  NG Kerk Weltevreden, Corneliusstraat 1140. Weltevredenpark
  Biskop Graham Cray praat oor kerkplanting en vernuwing
  R100
  Bespreek voor 1 Junie by **admin@ngweltevreden.co.za**
  of skakel 011 475 5510
  Navrae aan prof Nelus Niemandt by 082 451 1670,
  dr Willem Pretorius by 083 560 6668, of ds Hettie Wessels by 083 254 6833

- Die **volgende vergaderings** vind tot 21 April plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 15 April: Moderamen
  - Saterdag 16 April: Komitee vir Ouderlinge
  - Maandag 18 April: Kommissie van die AKV
  - Woensdag 20 April: Finkom van Die Ondersteuningsraad

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Die afgelope dekades word gesag geminag en afgetakel. Van die studente-opstande in Frankryk af, deur die Viëtnamoorlog tot vandag beleef ons hierdie lelike fenomeen. Nou steek dit kop uit in die Kerk. God het alle gesag daargestel om ons te regeer namens Hom (Rom 13). Dit blyk dat demokrasie in sigself die saad tot anargie en chaos het – en dis die gevolg van die onbybelse denke dat die mens homself regeer, sy eie baas is en maar kan tong uitsteek vir enige gesag. Hoe gouer dit besef word in ons Kerk, hoe beter. Anders is anargie en chaos ons voorland."

Emerituspredikant ds Dirk Stoltz

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

Hummel at EASTER: **Brooklyn-teater, Menlopark**
Vrydag 15 April 20:00 en Sondag 17 April 15:00
Koor Mis in D, opus 111 – Pretoriase Simfonie-orkes en Singkronies-koor
Tinus Botha speel dan ook die Opus 85 Klavierkonsert van Hummel
Kontak 012 460 6033
Besoek **www.brooklyntheatre.co.za** en word deel van die konsertfamilie

TUINWOONSTEL IN WONDERBOOM-SUID, PRETORIA TE HUUR
Beskikbaar vanaf 1 Mei 2011
Ruim eenslaapkamer tuinwoonstel in rustige omgewing
Aparte sitkamer, eetkamer en kombuis met kaste en ’n stoof
Slaapkamer met ingeboude kaste en suite-badkamer
Aparte motorrylaan en afdak vir een motor
Een kilometer van Eugene Marais-hospitaal, naby groot winkelsentrums
Geskik vir ’n afgetrede paar of enkellopende persoon
R3 250 per maand
Huurder is verantwoordelik vir die krag deur die aankoop van *Pay as you go*
Vir meer besonderhede of afspraak, skakel Elsabé Moller
by 012 335 7046 of 076 263 8135

SELFSORG-GASTEHUIS, PRINGLEBAAI, WES-KAAP TE HUUR
Slaap 4 mense
Kom rus in kleindorpie-atmosfeer, loopafstand van strand
R500 per dag
Afslag kan gereël word as u vir meer as 3 nagte bespreek
Spesiale aanbod vir Paasnaweek
Kontak Bettie Richter by 082 499 0211
of stuur e-pos na **richterpringlebay@gmail.com**

OORWIN BIPOLÊRE DEPRESSIE
Sukkel jy met bipolêre depressie?
Vra jy vrae soos:
- Wat is die verskil tussen bipolêre depressie, gewone depressie en ADHD?
- Hoe oorwin ek herhalende bipolêredepressie-episodes?
- Hoe ondersteun ek my bipolêre huweliksmaat, kind of vriend?

Dr Hans Dreyer, pastorale berader, worstel self meer as 20 jaar daarmee
Dit is sy spesiale belangstellingsveld
Vir hulp en berading, skakel 083 417 2985 en maak ’n afspraak
Spreekkamer by @Health Mediese Sentrum, Jeanlaan 258b, Centurion

AGTERBLAD

Ons gedenk die Hemelvaart

Die Mei-uitgawes van *Konteks* en *Die Hervormer* is tans by die drukkers. In albei publikasies word opnuut gedink aan Jesus se Hemelvaart.

In ***Die Hervormer*** skryf prof Andries van Aarde oor mense wat soekend is. MDiv 2-student Steve Oxton vra in aansluiting daarby of ons nog erns maak met Jesus Christus.

Ds Willem Sauer vra of ons die opdrag in Genesis om te bewoon, bewerk en bewaar nakom. ’n Sendeling van Missie Japan gee voorstelle vir hulp wat aan die ramp geteisterdes verleen kan word.

Lees ook die reaksies van lesers op artikels in ons publikasies en gebeure in ons Kerk.

Besoek **www.hervormer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

In ***Konteks*** gee prof Natie van Wyk en ds Jaap Steenkamp perspektiewe op die Hemelvaart. Dr Charmaine Fourie gee die agtergrond van die nuwe Kinderwet oor die misbruik van kinders en gestremdes.

MDiv 2-student Suzelle Lange vertel van haar ervaring as teologiestudent, en in *Die Christelike Vrou* vertel Frieda van Wyk van die tragiese lewe van Mary, Queen of Scots.

Besoek **www.konteks.co.za** om meer uit te vind oor die nuutste beskikbare uitgawe.



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 250 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx